*Maandag* 12 Januarie
Skrifgedeelte: Lukas 6:27-36
Fokusgedeelte: Lukas 6:36 (AFR83/AFR2020)
Kan die karaktereienskappe van jou hemelse Vader in jou lewe raakgesien word?

Het jy al ooit ervaar dat iemand jou krenk tot in jou diepste wese? Jou optrede in sulke tye van konflikte is 'n pynlike toets van die egtheid van jou Christenskap. Dit sal aan die lig bring tot watter mate jy God se ontferming vir jou persoonlik leer ken het.

God stel Homself van die begin af in die Bybel bekend as barmhartig vir sondaarmense. Eksodus 34:6: "Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: *"Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou."* Die woorde *"Genadig en barmhartig is die Here, geduldig en groot in troue liefde"* kom dikwels in die Psalms voor.

Jesus pas in hierdie Skrifgedeelte die groot gebod toe dat jy Hom bo alles moet liefhê en jou naaste moet liefhê soos jouself – veral wanneer jy te na gekom is. Hy het dit self gedoen, soos toe Hy sterwend aan die kruis gebid het: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"* (Luk. 22:34).

Rodney Stark het 'n boek gepubliseer met die titel: *The Rise of Christianity*. Hy onthul historiese feite, maar gee ook 'n sosioloog se perspektief op die raaisel agter die sukses van die vinnige groei van die vroeë Christendom: hulle onvoorwaardelike liefde, selfs toe hulle vervolg is, het oortuigingskrag gehad.

Die kerkvader Tertullianus het in Kartago, Noord-Afrika, gewoon toe die vervolging van Christene op sy hoogtepunt was. Tertullianus het volgehou dat hoe meer Christene vervolg en "afgemaai" word, hoe meer hulle sou vermeerder omdat "die bloed van Christene die saad van die kerk" is.

Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie (Rom. 12:21)

*Sing: Psalm 18-1:1, 12*

*Dr. PJ (Flip) Buys (Emeritus)*